



Teen dagbreek Vrydag 24 Junie het LitNet se *Sing 'it*-projekspan by LitNet se kantore bymekaar gekom vir die verfilming van die amptelike advertensies / virale advertensies van LitNet en Sanlam se nuwe inisiatief, *Sing 'it*.

Die regisseur, Derick Muller, en sy span van The Suits het die LitNet-span op stel vergesel. The Suits is die brein agter die onlangse produksie van gesofistikeerde, filmstyl-boekvoorskoue vir NB-Uitgewers en is ook bekend vir hulle betrokkenheid by die *POMP*-advertensies.

Die veteraanakteur Deon Lotz (*Roepman* en *Skoonheid*) is die hoofkarakter in al drie advertensies. Die advertensies bevat almal 'n verrassingselement: Lotz se karakter sien nie dadelik die kunstenaar/band in die toneel raak nie; wanneer hy hulle dan wel gewaar, is hy duidelik geskok en verward. Die akteurs Adam Donnelly en Bouwer Bosch van Dans Dans Lisa faam het deel uitgemaak van die rolverdeling. Al die stelle is haarfyn beplan om slag gereed te wees vir aksie.

“Dit was 'n baie lekker, 'cool' projek om aan te werk! Slim teks wat die mense sal laat lag en lus maak om liedjies te skryf! Dit was wonderlik om nuwe sangtalent te ontmoet en ek dink LitNet doen hier iets besonder met die skryfkompetisie! Baie geluk en sterkte met die projek, en dankie dat ek deel kan wees daarvan! *Sing 'it!*” – Deon Lotz

Die eerste advertensie is geskiet in LitNet se kantore in Stellenbosch, en beeld 'n kantoor-“nerd” (Donnelly) uit wat vermoedelik laat werk. 'n Kollega (Lotz) stap verby en vra hom uit oor sy laat werksure op kantoor. Hy antwoord dan dat hy eintlik besig is om lirieke vir Jax Panik skryf om vir *Sing 'it* in te skryf. Jax Panik sit dan ook saam met Donnelly in die kantoor.

Na etenstyd het die span oorgeskuif na die Sasol Museum om 'n universiteit-lesinglokaal-scenario uit te beeld vir die tweede advertensie. Deon Lotz speel 'n professor en Bouwer Bosch en Babalwa Ludidi vertolk die ander hoofkarakters. Aanbieders van MFM-radiostasie het gemaak asof hulle studente in die lesinglokaal is. Nadat Ludidi se karakter haar eksamenvraestel inlewer, hou sy eenvoudig aan met skryf. Lotz vra haar waarmee sy besig is, waarop sy botweg antwoord dat sy lirieke vir Dans Dans Lisa skryf, om in te skryf vir *Sing 'it*. Sy wys dan na Bouwer Bosch wat langs haar sit.

“Dit was 'n groot voorreg om saam met Deon Lotz te kon werk! Hy is 'n baie inspirerende akteur en baie snaaks op stel. Die hele konsep van *Sing 'it* is vars en dit is goed om te sien dat daar teruggeploeg word in Afrikaans.” – Bouwer Bosch

Saterdag het die projekspan tesame met The Suits na 'n vierverdiepinghuis in Drieankerbaai verskuif vir die verfilming van die derde, finale advertensie. Die manne van iScream & The Chocolate Stix en aktrise Phia le Roux het kragte saamgespan om 'n slaapkamertoneel uit te beeld. Deon Lotz speel 'n pa wat koffie neem vir

Persverklaring: *Sing 'it*-advertensies

sy dogter wat klaarblyklik in haar kamer studeer. In werklikheid skryf sy egter lirieke vir iScream & The Chocolate Stix om in te skryf vir *Sing 'it*. Die band sit doodluiters in haar kamer.

"Dit gaan fantasties wees om die aanhangers op 'n meer persoonlike vlak te leer ken. Kom ons kyk wat ons saam kan skep." – Just Nathan, kitaarspeler.

"As 'n geleentheid nie klop nie, bou 'n deur!" – Bheki, hoofsanger.

"As jy roomys aan 'n eskimo gaan verkoop, maak seker dis gegeurd!" – Luke Viviers, hoofsanger.

"Jy skryf dit, ons sing dit. BRING DIT!" – Tony Shine, kitaarspeler.

Hierdie advertensies sal deel van LitNet en Sanlam se bemarkingsveldtog uitmaak vir *Sing 'it* en kan binnekort op MK, kykNET en aanlyn by <http://singit.litnet.co.za> besigtig word.

Vir meer inligting en versoeke vir onderhoude of foto's, kontak gerus:

Steyn du Toit

Sing 'it-projekbestuurder

E-posadres: steyn@litnet.co.za

Tel: 021 886 5169

Sel: 082 339 5766

Uitgereik deur: LitNet